



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2009

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 bylaag.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.


AFDELING A: Opstel	(50)
AFDELING B: Langer transaksionele tekste	(30)
AFDELING C: Korter tekste: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeddiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A: 80 minute
AFDELING B: 40 minute
AFDELING C: 30 minute
8. Nommer elke teks korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.
10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1

**[50]****OF**

- 1.2 Die WNNR (Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad) het 'n opstelkompetisie vir Graad 12-leerders uitgeskryf. Die prysgeld is R5 000. Die onderwerp van die opstel is:

Moeder Aarde: Ons moet jou oppas!

Dink aan die volgende:

- Die gat in die osoonlaag
- Die verwarming van die aarde
- Die uitroei van die plante en dierelewe
- Die gevare vir ons oseane en seelewe

**[50]****OF**

1.3



[50]

OF

1.4



[50]

OF

1.5

Ons vir jou, Suid-Afrika!



[Saamgestel uit: *Vrouekeur*, 6 Junie 2008 en *Your Sport*, 2007 en 2008]

Dink aan die volgende:

- Redes hoekom jy vir Suid-Afrika lief is
- Wat mense alles vir Suid-Afrika kan doen

[50]

OF

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1



[Uit: *Weg*, September 2008]

[50]

OF

1.6.2



[Uit: *Aardklop Feesgids*, 2008]

[50]

OF

1.6.3



[Uit: *Into Higher Education*] [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 FORMELE BRIEF

Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder van julle stad/dorp/township.

Kla oor die onveilige pad waarlangs julle elke dag ...

- skool toe moet loop,
OF
- skool toe moet fietsry,
OF
- 'n bus of 'n taxi skool toe moet haal.

[30]**OF****2.2 ONDERHOUD**

Jy werk as 'n radio-omroeper by die Afrikaanse radiostasie, Radio Sonder Grense (RSG). Jy moet 'n onderhoud met die vorige aartsbiskop, eerwaarde Desmond Tutu, oor sy lewe voer. Skryf hierdie onderhoud in dialoogvorm neer.



[Uit: *Sarie*, 2008]

[30]**OF**

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Skryf 'n tydskrifartikel oor hoe dikwels sekere leerders nie skool toe gaan nie. Gee ook die redes waarom hulle afwesig is.

[30]**OF****2.4 RESENSIE**

Vanjaar is die eerste keer dat leerders oor die hele Suid-Afrika uit dieselfde lys boeke of kortverhale kon kies vir die Graad 12-jaar.

Skryf 'n **resensie** oor die EEN boek of EEN kortverhaal wat julle gelees het.

**[30]****TOTAAL AFDELING B: 30****AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 3**

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 INSTRUKSIES

Julle matriekklas gaan vir die laaste keer 'n projek vir straatkinders aanpak. Julle gaan toebroodjies maak en klere bymekaar maak om vir hulle te gee.

3.1.1 Skryf VYF instruksies vir julle klas neer oor hoe om 'n kaas-en-tamatie-toebroodjie te maak. (10)

3.1.2 Skryf VYF instruksies vir julle klas neer oor hoe julle vir elke kind 'n netjiese pakkie met klere gaan organiseer. (10)
[20]

OF

3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Jy blaai deur jou fotoalbum en sien die onderstaande foto daarin. Hierdie foto herinner jou aan die goeie tye wat julle as maats saam op skool deurgebring het. Skryf jou gevoelens neer as jy terugdink aan julle lekker dae saam.

Maak 'n **dagboekinskrywing** hieroor.



[Uit: *Sunday Times*]

[20]

OF

3.3 VORM

Die uitgewers, NASOU VIA AFRIKA, en die televisiekanaal, M-Net, het 'n kompetisie uitgeskryf om die nege beste potensiele jong leiers te identifiseer. Hulle wil een kandidaat uit elke provinsie aanwys. Elke wenner gaan 'n beurs kry om verder te studeer. Jy skryf vir die kompetisie in.

Waarom dink jy kwalifiseer jy as 'n potensiele jong leier in jou provinsie?

Voltooi die vorm op BYLAAG A soos aangedui. Onthou dat die lengte 80 – 100 woorde moet wees.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

